Iets Nuu(†)s

Efesiërs 4:16
Hy is immers die Hoof, en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.

24 Mei 2020

Inligting:

Gereformeerde Kerk Sasolburg. h/v Faickney en van Eckstraat

Leraar:	**Marcel Floor 0828285811**
Admin:	Colleen Koekemoer – 016-976 5094 / 082 855 4769: admin@gksasolburg.co.za
Webblad:	www.gksasolburg.co.za
Barmhartigheid:	Semone Pienaar 0846426597 epos semone1grobler@gmail.com
Geboue:	PJ Gouws – 079 492 8404
Koster:	Sandra vd Sandt 083 457 8904
Omgeekantoor:	Ma-Vry 9:00-12:00 016 976 7785 epos: omgee@gksasolburg.co.za

***DIENSBEURT:* BLOK C**
Kollekte ONDER DIENS: Barmhartigheid (diakonie rekening)
Kollekte by DEURE: Sustentasiefonds (kerkkas rekening)

KOLLEKTES : BYDRAES

In hierdie moeilike tye is ons voorwaar dankbaar vir die volgehoue bydraes en kollektes. **Onthou asseblief die verwysings, waarvoor kollektes inbetaal word.**

Bankbesonderhede:

Kerkkas: Absa, Gereformeerde Kerk Sasolburg, Rek nr 520340033 en Verw: bv Kollekte Emeritaatsversoring, ens.)

Diakonie: Absa, Gereformeerde Kerk Diakonie, Rek nr 520340238 Verw: Kollekte Barmhartigheid

Woordbediening

Matt. 5:27-30 & Matt. 19:1-12 (83 AV)
Fokus: Matt. 5:27-28, 19:4-6 (83 AV)
"Julle het gehoor dat daar gesê is: "Jy mag nie egbreuk pleeg nie. 28 Maar Ek sê vir julle: "Elkeen wat na 'n vrou kyk en haar begeer, het reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg".
Matt 19: 4-6: Hy het hulle geantwoord: "Het julle nie gelees dat die Skepper hulle van die begin af man en vrou gemaak het nie? 5 Daarby het Hy gesê: "Daarom sal 'n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe en hulle twee sal een wees" 6 Hulle is dus nie meer twee nie, maar een. Wat God dan saamgevoeg het, mag 'n mens nie skei nie."

Tema:
God vra getrouheid aan my huweliksmaat en seksuele reinheid binne en buite die huwelik.

A God vra getrouheid aan my huweliksmaat.

1. In die sewende gebod beveel God ons: Jy mag nie egbreuk pleeg nie. (Eks. 20:14)
   a. Ook Jesus leer ons in beide die teksgedeeltes dat ons nie mag egbreuk pleeg nie (Matt. 5:27 & 19:6)
2. So hoekom mag 'n getroude paar nie egbreuk pleeg nie?
   a. Rede 1: Die huwelik is 'n heilige instelling en samevoeging van God. (Matt. 19:4-6)
   b. Rede 2: Die huwelik is 'n afbeelding van Christus se verhouding met sy kerk. (Ef. 5:21-33)
   c. Rede 3: Egskeiding maak nie net die 2 persone baie seer nie, maar ook ander partye, veral die kinders. (Mal. 2:16)
3. Ook uit God se doel met huwelike, sien ons waarom ons nie mag en moet egbreuk pleeg nie.
   a. Doel 1: God gee vir ons 'n lewensmaat en helper... die huwelik is bedoel om tot ons voordeel te wees. (Gen. 2:18)
   b. Doel 2: Om die menslike geslag uit te brei, en sodat daar 'n nageslag sal wees wat God eer. (Gen. 1:18, Mal. 2:15).
   c. Doel 3: Om ons te help om seksueel rein te leef. (1 Tes. 4:3-4, 1 Kor. 7:5).

4. Die effek van die sondeval op huwelike.
5. Omdat God nie wil hê jy moet skei nie, maar omdat dit wel kan gebeur as gevolg van die sondeval, moet jy pro-aktief aan jou huwelik werk, om positief aan hierdie gebod gehoorsaam te wees.

B <u>God vra seksuele reinheid in alle opsigte binne en buite die huwelik.</u>

1. Jesus se verklaring van die sewende gebod.
    a. Dit gaan oor baie meer as fisiese egbreuk, dit gaan selfs oor seksueel onreine gedagtes (Matt. 5:28).
    b. Dit gaan ook oor die dinge wat jou tot seksuele onreinheid kan verlei. (Matt. 5:29-30)
2. Ook as ons na die res van die Bybel kyk, dan sien ons dat God alle vorme van seksuele onreinheid of losbandigheid verbied. (Lev. 18, 1 Tes. 4:1-8, Heb. 13:4, Ef. 5:3-4 & 18, 1 Kor. 6:18-19, ens.)
3. En daarom bely ons in lyn met Jesus se verklaring en die res van die Bybel: God verbied alle onkuise (m.a.w. seksueel onreine) dade, gebare, woorde, gedagtes, luste en alles wat mens daartoe kan verlei. (HK Sondag 41).
4. Hoe ernstig is seksuele sondes vir God?

VERJAARSDAE:

Verjaar				Landlyn	Selfoon
05/24	Dewin	Roos	Doop		0837188581
05/24	Sandra	Van Der Sandt	Belydend		0834578904
05/26	Amanda	Van Der Walt	Belydend	0169763544	0828247420
05/27	Martie	Koekemoer	Belydend	0169765361	0763486473
05/28	Mariette	Kriel	Belydend	0723782254	0731993194
05/28	Johan	Van Wyk	Belydend	0169763244	0824473099

Jy kan vir die volgende bid en hulle ondersteun:

- ♥ Frieda Ligthelm (0836297105) wat in die hospitaal is
- ♥ Freda Redelinghuys se ma
- ♥ Gemeentes wat finansieël swaar trek
- ♥ Gelowiges wat van geloofsgemeenskap vervreem geraak het

Vlamvat!

Ons vra voorbidding vir die Vlamvat vergadering wat per Zoom sal plaasvind op Dinsdag 26 Mei. Ons konsentreer in die vergadering veral op gebed asook ons eerste strategie “Liefdevolle verhoudings”.